ADVERTENSIES

STEYNTJIENUUSBRIEF 18

Tel: 011 902 4904 / 4726
Faks: 011 902 5502
e-pos: presteyn@mweb.co.za

1 Junie 2017

WELKOM

Graag heet ons mnr Johan Jankowitz hartlik welkom as Departementshoof Senior Fase. Mag u positiewe gesindheid ons aanspoor tot groter hoogtes.

AKADEMIE

EKSAMEN

Die eksamen het reeds vandag begin. Sterkte vir die res van die eksamen wat voorlê.

Die eksamenrooster lyk as volg:

Vrydag	**2/06**	**EBW (net GR 7)**
Maandag	**5/06**	**TEGNOLOGIE (net Gr 7)**
Dinsdag	**6/06**	**SW**
Woensdag	**7/06**	**KUNS**
Donderdag	**8/06**	**ENGELS**
Vrydag	**9/06**	**LO**
Maandag	**12/06**	**WISKUNDE**
Dinsdag		
Woensdag	**14/06**	**NW**

NB! Onthou dat Gr 3 en Gr 6 leerders skryf ook DEPARTEMENTELE VRAESTELLE In ENGELS, WISKUNDE en NW.

- Die vraestelle word op dieselfde dag geskryf as die skool se vraestelle.

AFWESIGHEDE TYDENS EKSAMEN

Leerders wat afwesig was en 'n vraestel gemis het, moet 'n doktersbrief saambring asb.

Leerders skryf dan ook die vak wat hy/sy gemis het op die dag wat hy/sy weer by die skool is.

STEYNEGROETE

SPORT

NETBAL

Dankie vir al ons dogters wat hul beste gegee het teen L/S Randhart.

- Ons speel ons laaste liga op Dinsdag 6 Junie by L/S Impala.

MINI-NETBAL

Ons kleintjies het baie oulik by Colin Mann gespeel. Hulle speel ook vandag, 1 Junie, by Laerskool Orion.

- Dan is ons wedstryde klaar!

RUGBY

Geluk aan die volgende spanne met puik wenne teen Roodekrans: 0/9 A + B, 3e en 1e-spanne. 2e-Span speel gelykop.

- Sterkte met die voorlaaste wedstryde op Vrydag 2 Junie te L/S Randhart.

Sterkte aan Stephan van Deventer wat Saterdag op Menlopark vir die Goue Leeus 0/12A teen die Limpopo Blou Bulle speel.

WELPIES

Sterkte aan ons Welpies wat Saterdag, **3 Junie**, aan die laaste TAU Rugbydag van 2017 deelneem.

- Laerskool Oosterkruin is die Gasheerskool, maar dit vind op Afr Hoër Germiston se velde plaas.
- Vanaand sal dan die laaste oefening wees.

KRIEKET

Die proewe het reeds plaasgevind. Dit was met die oog op die kies van die 0/11 en 1e toerspanne. Ons herinner die ouers dat u kind moontlik gekies kan word om die Jubaweni Kriekettoer by te woon vanaf 13 – 16 Julie 2017.

Die **proewe** gaan voortgaan volgende week. Afrigters sal briefies gee.

Seuns bring sover moontlik hul eie toerusting saam.

Balle: 0/11 = 113 gram
0/12 + 0/13 = 135 gram

HOKKIE PROEWE

7 Junie	**0/13**	**A-veld**	**14:00 – 15:00**
	0/11	**A-veld**	**15:00 – 16:00**
8 Junie	**0/10**	**A-veld**	**14:00 – 16:00**
	0/11	**A-veld**	**15:00 – 16:00**

VERLORE KLERE

Ons doen 'n beroep op die ouers om **alle skooldrag duidelik te merk asb.**

- Leerders moet bewus gemaak word rondom verantwoordelikheid van besittings.
- By ons grade klasse (by die tralie-afskorting by die trappe wat opgaan na die graad 2 klasse) is daar houers vol verlore klere.
- In die vervolg gaan dit vir 'n week in die houers bly en dan opgeneem word in die klerebank.
- Indien u kind iets verloor het, moet hy/sy asb daar gaan kyk.

U samewerking en ondersteuning word waardeer!

LANGNAWEEK

Aangesien dit Vrydag die 16e Junie 2017, **JEUGDAG** is, sal daar nie skool wees nie.

Die skool gaan daarom op Donderdag 15e Junie om **12 uur** verdaag vir die langnaweek.

Die skool gaan weer normaal voort op Maandag 19 Junie 2017.

KOEKVERKOPING - Graad 4's

'n Hartlike dankie aan ons ouers, vir al die bydraes en donasies tydens die koekverkoping.

U ondersteuning word opreg waardeer. Beste wense vir die res van die jaar!